



ALGEMENE SKOU PRAKTYK & ETIKET **GENERAL SHOW PRACTICE & ETIQUETTE**

Hierdie dokument ondersteun alle handleidings in Afdeling C
This document supports and all manuals in Section C
2021

	INHOUD	INDEX
1	ALGEMENE GENOOTSKAP REËLS	<i>GENERAL SOCIETY RULES</i>
2	ALGEMENE VOORKOMS & VOORBEREIDNG VAN DIE PERD	<i>GENERAL APPEARANCE & PREPARATION OF THE SHOW HORSE</i>
3	HOEWE & HOEFYSTERS	<i>HOOVES & SHOES</i>
4	TOERUSTING VAN PERDE	<i>TACK OF HORSES</i>
5	VEREISTES & ETIKET IN DIE SKOU ARENA	<i>REQUIREMENTS & ETIQUETTE IN THE SHOW ARENA</i>
6	VEREISTES & ETIKET OP DIE SKOUPERSEEL	<i>REQUIREMENTS & ETIQUETTE ON THE SHOW PREMISES</i>
7	ALGEMENE GEDRAG	<i>GENERAL CONDUCT</i>

1. ALGEMENE GENOOTSKAP REËLS/GENERAL SOCIETY RULES

Die Afrikaanse teks word as die oorspronklike en korrekte reëls en regulasies aanvaar.
The Afrikaans text will be accepted as the original and correct rules and regulations.

Hierdie reëls en regulasies vorm deel van en verwys na die volgende SA Boerperd Handleidings en bylaag dokumente:

- Universele & Tradisionele In-hand klasse;
- Riglyne vir Universele 3 Gang;
- Werkende Perd Klasse;
- Tradisionele Vertoonperd klasse;
- Tradisionele 3- & 5 Gang klasse;
- Vertoonperd 3 Gang klasse;
- Tuigklasse;
- Verbode middels.

These rules and regulations form part of and refer to the following SA Boerperd Manuals:

- *Universal- & Traditional In-Hand classes;*
- *Guide Lines for Universal 3 Gaited classes;*
- *Working Riding Classes*
- *Traditional 3- & 5 Gaited classes;*
- *Show Horse 3 Gaited classes;*
- *Harness classes*
- *Code of Conduct;*
- *Prohibited substances.*

1.1 Handleidings / Manuals

- Dit is die vertoner se plig om die huidige Skoureëls & Regulasies te ken en te verstaan voordat inskrywings gedoen word om aan 'n skou, onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap, deel te neem.
- Vertoners moet die Klasbeskrywings verstaan en moet bewus wees van wat die beoordelaars van vertoners kan of mag verwag tydens 'n spesifieke klas.
- Geen ander metodes of gebruike betreffende die perd, die perd se toerusting asook die deelnemer se kleredrag, anders as wat beskryf word in die Handleidings, sal toegelaat word nie.
- *It is the responsibility of an exhibitor to know and understand the current Showing Rules & Regulations prior to entering or participating in a show under the auspices of the SA Boerperd Breeders Society.*
- *Exhibitors must understand Class descriptions and must be aware of what the Judges can or may expect them to perform during a specific class.*
- *No other methods or customs relating to the horse, equipment of the horse, as well as the dress of the competitor other than described in the Manuals, will be allowed.*

1.2 Beskermheer / Auspices

Alle SA Boerperd Kampioenskappe vind plaas onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap.
All SA Boerperd Championships take place under the auspices of the SA Boerperd Breeders' Society.

1.3 Lidmaatskap / Membership

Alle geregistreerde telers en/of eienaars van aangetekende of geregistreerde SA Boerperde en/of lede van die SA Boerperd Telersgenootskap sal die Skoureëls, soos deur die Raad bepaal, nakom by die vertoon van SA Boerperde op SA Boerperd Kampioenskappe, asook by enige ander skoue waar die SA Boerperd Telersgenootskap verteenwoordig word.

All registered breeders and/or owners of recorded or registered SA Boerperd and/or members of the SA Boerperd Breeders' Society, shall obey the rules as determined by the Board at all SA Boerperd Championships, as well as any other shows where the SA Boerperd Breeders' Society is represented.

1.4 Vrywaring / Indemnity

Nòg die SA Boerperd Telersgenootskap nòg sy verteenwoordigers sal aanspreeklik gehou word vir enige skade, verlies, beserings of dood, deur of aan perde, ruiters, aangestelde beamptes, die publiek of hulle eiendom.

Nor the SA Boerperd Breeders Society nor their representatives will be held responsible for any damage, loss, injuries or death caused by or to any horses, riders, appointed officials, the public or their possessions.

1.5 Verifikasie van perde se identiteit / Verification of horses' identity

- Geen ongebrande perde OUER as 4 jaar mag deelneem aan Streek- of Nasionale SA Boerperd Kampioenskappe nie. Alle perde oor 4 jaar moet die SA Boerperd brandmerk (B) op die regter agterkwart dra.
- Alle perde wat onder 4 jaar skou en nog nie voor keuring gebring is nie, se DNS moet geverifieer en op rekord wees.
- Perde wat oorstaan vir keuring, mag nie skou nie.
- *No unbranded horses OLDER than 4 years are allowed to participate in any Regional- or National SA Boerperd Championships. All horses over the age of 4 years must be branded (B) on the right hind quarter.*
- *The DNA of all horses under 4 years that have not been graded through inspection, must be verified and recorded.*
- *Horses that are held back for inspection, may not enter for a show.*

1.6 Ouderdomme van perde & ruiters / Ages of horses and riders

- Ouderdomme van perde en ruiters word toegepas soos uiteengesit in die klasbeskrywings
- Perde en ruiters moet binne die ouderdoms afbakening val vanaf die eerste dag van die skou.
- Kinders onder 12 jaar mag nie aan tuigklasse deelneem nie
- 'n Ruiter mag nie in meer as een ouderdomsgroep in Ruiter- sowel as ryperd-klasse deelneem nie. Indien 'n ruiter opgradeer om 'n hings te ry, bly hy/sy 0/19 vir die hele skou in universele- of tradisionele klasse.
- Geen hingste sal toegelaat word in 0/15 klasse en jonger nie.
- 'n Perd mag nie in meer as een ouderdomsgroep deelneem nie. Indien die perd in een klas 0/5 jaar skou, geld dit vir die hele skou. Indien 'n eienaar sou verkies om 'n jong perd bo 5 jaar (OOP) te skou, geld dit vir die hele skou.
- *Ages of horses and riders are applied as listed in the class descriptions;*
- *Horses and riders must be in the age limit as from the first day of the show.*
- *Children under 12 years are not allowed as drivers in harness classes.*
- *A Rider may not compete in more than one age group for the Best Rider and Best Riding Horse classes. If a rider upgrades to ride a stallion, the rider shall compete U/19 for the rest of the show in traditional or universal classes.*
- *No stallions will be allowed in classes U/15 & younger.*
- *A Horse may not compete in more than one age group. Should a horse be entered in one under 5 ridden class, it must be entered accordingly for the duration of the show. Where an owner wants to enter a young horse in OPEN classes, (5 years and older), the horse shall compete in adult classes for the duration of the show.*

1.7 Nuweling klasse / Novice classes

'n Nuweling perd se status sal net vir een skoujaar van die perd geldig wees vanaf die skou waar die perd as nuweling begin het, per dissipline. 'n Perd word weer 'n nuweling as dit aan Vyf-Gang en/of tuig klasse

deelneem. Ongeag die feit dat die perd voorheen aan Universele- of Tradisionele 3-Gang klasse deelgeneem het. Verandering van Tradisioneel na Universeel en omgekeerd, sal nie geld as 'n verandering in dissipline nie.

The status of a Novice horse will only be valid for one show year of the horse from the show where the horse began as a Novice, by discipline. A horse may enter as a Novice again if it participates in Five-Gaited- or Harness Classes. Irrespective of the fact that the horse previously participated in Universal- or Traditional 3-Gaited classes. A Change from Traditional- to Universal 3-Gaited Classes or the reverse there-of will not qualify as a change in discipline.

1.8 Perde onbevoeg vir deelname / Horses unfit for competition

Perde wat onbevoeg gevind word, vir watter rede ook al, om aan 'n skou (klas) deelteneem sal deur die aangestelde Skoukomitee, Amptenare en/of Beampptes gediskwalifiseer word.

Horses, deemed to be unfit for a competition (class), for any reason whatsoever, will be disqualified by the appointed Showing Committee/Officials or stewards.

1.9 Nasionale reëls & regulasies / National rules & Regulations

Die volgende klasse word beoordeel volgens die nasionale reëls en regulasies soos deur die nasionale assosiasies vasgelê:

- Universele klasse, Veelsydige ryperd en Werkende jagperd klasse (SASA – South African Showing Association: www.showingsa.co.za);
- Dresseer – DSA (Dressage South Africa: www.dressagesa.com);
- Skouspring – SASJ (Show Jumping South Africa: www.sashowjumping.co.za);
- Saddle Seat – SSSA (Saddle Seat South Africa: www.essasa.co.za).
- Western Pleasure Horse (www.arabianhorses.org.za)

Uitsondering word gemaak t.o.v. die volgende:

- ~ Rasstandaard word in ag geneem;
- ~ Hoogte beperkings van perde is nie van toepassing nie;
- ~ Hoewe en beslaning vind plaas soos in hierdie dokument bepaal;
- ~ Dresseerpeitse word by In-Hand klasse toegelaat;
- ~ Hingste kan wel in Junior klasse (onder 19 jaar) en hoër gery word.
- ~ Onder 15 ruiters mag opgradeer na 0/19 klasse om hingste te mag ry;
- ~ Vervanging van perde tydens 'n Nasionale Kampioenskappe word nie toegelaat nie;
- ~ Addisionele Universele Klasse word beoordeel soos beskryf;
- ~ Opwarming van perde deur afrigters is toelaatbaar;
- ~ By Kleredrag vir Saddle Seat word ook die kleredrag volgens die voorskrifte soos vir Vertoonperd klasse toegelaat.
- ~ Daar kan slegs vir 2 opeenvolgende skouspring klasse per skou ingeskryf word.

The following classes will be judged according to the national rules & regulations as determined by the discipline association:

- Universal classes, as well as Working Riding and Working Hunter classes (SASA – South African Showing Association: www.showingsa.co.za);
- Dressage – DSA (Dressage South Africa: www.dressagesa.com);
- Show Jumping – SJSJ (Show Jumping South Africa: www.sashowjumping.co.za).
- Saddle Seat – ESSASA (Equestrian Saddle Seat Association of South Africa: www.essasa.co.za).
- Western Pleasure Horse (www.arabianhorses.org.za)

Exceptions will be made to the standard interbreed rules:

- ~ Breed Standard will be taken into account;*
- ~ Height restrictions of horses are not applicable;*
- ~ Hooves and shoeing are done according to the rules & regulations in this document;*
- ~ Dressage whips are allowed in In-Hand classes;*
- ~ Stallions can be ridden in Junior classes (Juniors under 19 years);*
- ~ Children under 15 years may upgrade to under 19 classes to ride a stallion;*
- ~ Definition of the ages of Children, Juniors and Adults are indicated;*
- ~ Substitution of horses during a National Championship are not allowed;*
- ~ Additional Universal classes are judged according to the class descriptions and procedures in this document;*
- ~ Trainers are allowed to assist in the Warming-up of horses.*
- ~ Apart from the dresscode by SSSA, the SA Boerperd rules for Show Horse classes are also acceptable.*
- ~ Only two consecutive show jumping classes per horse can be entered for per show.*

1.10 Beweging / Movement

TRADISIONELE perde het 'n matig tot hoë beweging, terwyl die UNIVERSELE perde 'n matig tot LAE beweging het. Deelnemers moet self besluit onder watter kategorie hulle perde sal deelneem.

TRADITIONAL horses have a HIGHER movement, while the UNIVERSAL horses have a LOWER movement. Participants must decide for themselves in which category their horses should compete.

2. ALGEMENE VOORKOMS & VOORBEREIDNG VAN DIE PERD / GENERAL APPEARANCE AND PREPARATION OF THE HORSE

2.1 Voorbereiding / Preparation

Perd moet skoon, gesond en in goeie kondisie wees. Haarkleed moet blink, ribbes moet bedek wees en oë moet helder en wakker wees. Bles en wit aan die bene moet skoon gewas wees. Geen papie eiers mag voorkom op die bene of liggaam nie. Strooi en mis merke moet verwyder word sowel as beddegoed en mis onder die hoewe. Geen dwelm- of kalmeermiddels (sien Verbode Middels reëls) mag gebruik word nie.

Horses must me clean, healthy and in good condition. Coat must be shiny, ribs must be covered and eyes must be clear and alert. White in the face and on the legs must be washed. No botfly eggs may be on the body or the legs. Hay, manure markings and bedding must be removed also underneath the hooves. No drugs- or calming substances (see Prohibited Substances rules) may be used.

2.2 Ore / Ears

Geskeer, skoon gevee en ge-olie.

Shaven, clean and oiled

2.3 Onderkaak /Lower jaw

Verwyder lang oortollige hare.

Remove long excessive hair

2.4 Bene / Legs

Skeer oortollige hare van die hoefkroon, koot, kootgewrig en res van die bene af.

Shave excessive hair from the coronet, fetlock and rest of the leg.

2.5 Maanhare / Mane

- Die vleg van maanhare is ontoelaatbaar in Tradisionele klasse, maar opsioneel in Universele klasse.

- Gevlegte hare word in bolletjies aan die regterkant van die nek gerol en mag met rekkies vasgemaak, of met naald en gare vasgework word.
- Vals “bollas” is toelaatbaar in gevalle waar die perd ’n gedeeltes van die maanhare afgeskuur het.
- Indien ’n Franse vlegsels (Stallion plait) in Universele klasse gebruik word, moet ook die kuif gevleg word.
- Stomp afgeskeerde of geplukte maanhare is ontoelaatbaar.
- ’n Toompaadjie van maksimum 10cm mag geskeer word.
- *The plaiting of the mane is not allowed in any Traditional classes but optional in Universal classes.*
- *Plaits may be rolled into small balls on the right side of the horse’s neck. Elastic band or thread may be used to secure them in place.*
- *Manes may not be shaven or pulled short.*
- *False plaits may be used in cases where the horse has rubbed off parts of its mane.*
- *A stallion plait may be worn on the right side of the horse’s neck in the mane is long. If a Stallion Plait is made, the forelock should also be plaited.*
- *Manes may not be shaven or plucked.*
- *A shaven bridle path not exceeding 10cm in length is allowed.*

2.6 Stert / Tail

- Skoon, uitgekam en vry van beddegoed.
- Bosluise en mis merke onder die stert moet verwyder wees.
- Geen gemmer of ander irritasies is toelaatbaar nie.
- *Clean, brushed and free of bedding.*
- *Ticks & manure markings underneath the tail must be removed.*
- *No ginger or any other irritants are allowed.*

2.6.1 Universele Klasse / Universal Classes

- Stertwortel hare moet verkieslik gevleg of gepluk wees, maar nie geknip of geskeer nie.
- Die hare aan die onderpunt van die stert mag gelyk geknip wees, en moet so lank as moontlik tot by die kootgewrig hang.
- Vals sterte is toelaatbaar, mits dit onopsigtelik aangeheg is en by die voorkoms van die perd pas.
- *It is preferable that the dock of the tail be plaited or pulled, but not shaven or clipped.*
- *The end of the tail may be cut evenly (cropped) and hang as long as possible up to the fetlock.*
- *False tails are allowed and should be inconspicuous so as to complement the appearance of the horse.*

2.6.2 Tradisionele Klasse / Traditional Classes

- Die vleg van maanhare en stert is ontoelaatbaar in Tradisionele klasse.
- Die stert puntig na onder hang, maar mag nie op die grond sleep nie.
- Vals sterte is ontoelaatbaar.
- Slegs in VERTOONPERD en 5-GANG klasse mag ’n perd se stert op die grond sleep.
- Perde met sterte wat op die grond sleep, sal nie in handklasse toegelaat word nie.
- *The plaiting of the tail is not allowed in any Traditional classes*
- *The tail must tapered (not cropped). The tail may not touch the ground.*
- *False tails are not allowed.*
- *Only in SHOW HORSE classes, horses’ tails are allowed to trail.*
- *Horses with trialing tails shall not be allowed in hand classes.*

2.7 Blinkers / Glitter

Geen blinkers mag op die perd gebruik word nie.
No glitter may be used on the horse.

3. HOEWE & HOEFYSTERS / HOOVES & SHOES

3.1 Afmetings / Measurements

Maksimum toelaatbare lengte van hoewe is 11cm gemeet vanaf die haarlyn op die hoefkroon tot by die bokant van die hoefyster. (Hoefyster uitgesluit.) Hoewe sal gemeet word met 'n onverstelbare instrument deur 'n beampte wat aangewys sal word deur die Skou-komitee. Die tyd van meeting by 'n skou sal volgens die diskresie van die Skou organiseerder of Skoukomitee plaasvind. Dit is 'n lid se eie verantwoordelikheid om te verseker dat die perd(e) se hoewe gemeet is voor die aanvang van die eerste klas.

Maximum hoof length allowed is 11cm measured from the hairline on the coronet to the top of the shoe. Hooves will be measured with an un-adjustable instrument in the official's appointed by the Show committee's possession. The time of measuring will be at the discretion of the Show Convener or Show Committee. It is the responsibility of competitors to ensure that their horses' hooves are measured before commencement of the first class.

3.2 Meting van kampioene / Measurement of champions

Direk na afloop van 'n Kampioenskapsklas, moet die eerste 5 plasings (Elite 5) se hoewe en hoefysters weer deur die aangestelde beampte in die versamelring ondersoek word. As daar bevind word dat 'n perd se hoewe en/of hoefysters enigsins verander of mee gepeuter is na die eerste meeting, sal so 'n perd onmiddellik gediskwalifiseer word. Bogenoemde prosedure mag ook by enige ander klasse op 'n nominasie basis aangevra word.

Immediately after the end of a Championship Class, the first 5 places (Elite 5) must report to the appointed officials at the collection ring for re-measuring and examining of the horses' hooves and shoes. If it is ascertained that a horses' hooves or shoes had been altered or tampered with in any way after the first measuring, such a horse will immediately be disqualified. The above procedures may also be requested to any other classes on a nomination basis.

3.3 Skoene / Shoes *

Hoewe moet netjies beslaan wees en hoefysters moet korrek pas. Slegs hoefysters van standaard fabriek, sonder enige veranderings, sal toegelaat word. Die volgende is ontoelaatbaar:

- ✗ ekstra sweiswerk onder aan die skoen;
- ✗ enige vorm van ekstra gewig of 'n sool van enige aard;
- ✗ Medisinale skoene;
- ✗ "calks" (haak of klou van 'n hoefyster) en "trailers" (hakie aan buitekant van skoen).

Vereistes van skoene is soos volg:

- ✓ Maksimum breedte van skoen (op die breedste deel waar van toepassing) mag nie 25mm oorskry nie.
- ✓ Maksimum dikte van skoen, mag nie 10mm oorskry nie.
- ✓ Maksimum toelaatbare afmetings van "toe clips" is, 25mm basis (waar dit aan die skoen vaskom of uitkom), 50mm in lengte en 2mm in dikte.
- ✓ Hoefysters mag nie verder as 20mm uitsteek waar die yster die hoef agter oorskry nie.

*Dit is nie verpligtend dat perde beslaan moet wees vir skoue nie.

Indien perde wel beslaan is, is alle reëls soos beskryf van toepassing.

Hoefafmetings is op alle perde van toepassing.

Horses must be neatly shod with the correct fit. Only standard horseshoes, without any modifications, will be allowed. The following is NOT allowed:

- ✗ Extra welding underneath the shoe;
- ✗ Any form of extra weight or a sole of any kind;
- ✗ Medicinal shoes such as bar- or open-bar shoes;
- ✗ Calks and trailers.

Requirement for horse shoes are as below:

- ✓ Maximum width of shoes (broadest part of shoe where applicable) may not exceed 25mm;
- ✓ Maximum thickness of shoe may not exceed 10mm;
- ✓ Maximum allowed measurements of toe clips are 25mm base (where it fastens or emerges), 50mm in length and 2mm in thickness;
- ✓ Shoes may not exceed (protrude) 20mm from where shoe extends past the hoof at the back.

**It is not a prerequisite that horses be shod.*

If shod, all rules & regulations apply.

Hoof lengths apply to all horses.

3.4 Vullens / Foals

Vullens onder 12 maande mag nie beslaan word nie.

Foals under 12 months may not be shod.

4.TOERUSTING VAN PERDE / TACK OF HORSES

Alle deelnemers moet minstens 5 minute voor aanvang van 'n klas by die onderskeie versamelringe aanmeld waar toerusting van perde en ruiters nagegaan sal word.

All exhibitors must report to their respective gate marshalls at least 5 minutes before the commencement of a class, where all tack and turnout will be checked.

4.1 Saals / Saddles

Slegs 'n goeie kwaliteit saal, met regaf saalklappe, wat die minimum van die perd wegsteek, mag gebruik word. Saals moet die perd goed pas. Saalkleedjies moet klein en netjies wees en die vorm van die saal aanneem in die kleur van of die saal of die perd. Buikgorde moet so na as moontlik aan die kleur van die perd of saal wees. Wit, bruin en swart buikgorde is toelaatbaar. Toelaatbare saals sluit die volgende in:

- ✓ Skousaal (Showing saddle)
- ✓ Standaard skousaal ("GP" saal)
- ✓ dresseer saal
- ✓ teruggesnyde saal (slegs Tradisionele klasse)
- ✓ Springsaal (waar van toepassing)
- ✓ Australiese veeboer saal (slegs Tradisionele klasse waarin toestemming verkry is)

Die saal en toom moet skoon en in 'n goeie toestand wees en dit moet die perd goed pas.

Ontoelaatbare saals:

- ✗ Western saal
- ✗ Veewagter saal
- ✗ Uithourit saal
- ✗ Koörporasie saal
- ✗ Militêre tipe saal
- ✗ Kindersaal met relings aan die kante

- ✘ Enige ander saal waaraan modifikasies gedoen is.

Only a good quality saddle with straight saddle-flaps, which will hide the minimum of the horse, may be used. Saddles must fit horses properly. Numnahs must be small and neat and must fit the shape of the saddle in either the colour of the saddle or the horse. Black brown and white girths are allowed. The following saddles are allowed:

- ✓ *Showing Saddle;*
- ✓ *General purpose saddle;*
- ✓ *Dressage saddle;*
- ✓ *Cut-back saddle (Traditional Classes);*
- ✓ *Jumping saddle (where applicable);*
- ✓ *Australian Stockman saddle (Only in Traditional classes where permission have been granted).*

The saddle and bridle must be clean and in good condition and must fit the horse properly.

The following saddles are not allowed:

- ✘ *Western saddles;*
- ✘ *Endurance saddles;*
- ✘ *Corporation saddles;*
- ✘ *Military saddles;*
- ✘ *Child saddles with sides;*
- ✘ *Any other modified saddles.*

4.2 Teuels & “martingales” / Reins & martingales

Springteuels, borsbande, stertrieme of ander toevoegings tot die saal is ontoelaatbaar in die meeste skouklasse. Uitsonderings is:

- Kinders onder 8 jaar, word toegelaat om met 'n “*GERMAN MARTINGALE*” en veiligheid-stiebeuels te skou.
- Kinders 0/11 jaar word toegelaat om met 'n “*GERMAN MARTINGALE*” te skou
- Net kinders onder 15 mag met teuelverbindings (“rein connectors”) skou as hulle 'n stang (“pelham”) gebruik. 'n Kenketting en lipbandjie is verpligtend indien die gebit plek daarvoor het.
- In Werkende Jagperd klasse word “Martingales” en spring-teuels word toegelaat.
- Die gebruik van teuels met handvatsels in die tuig klasse vir Kinders, Juniors en Dames word aanbeveel.

Jumping reins, martingales, breastplates, croppers or any other addition to the saddle are generally not allowed in showing classes. Exceptions are:

- *Children under 8 years are allowed to show with a GERMAN MARTINGALE and safety stirrups.*
- *Children under 11 are allowed to show with a GERMAN MARTINGALE.*
- *Children under 15 are allowed to use rein connectors when using a pelham. A lip strap is compulsory, should the bit provide for the use thereof.*
- *In Working Hunter classes Martingales, as well as jumping reins are allowed.*
- *The use of reins with handgrips in the harness classes for Children, Juniors and Ladies are recommended.*
- *The use of reins with handgrips in the harness classes for Children, Juniors and Ladies are recommended.*

4.3 Tooms en gebit/ Bridles and bits

Verwys na onderskeie Handleidings.

Refer to respective Manuals.

4.4 Tuig / Harness

Verwys na Handleiding.

Refer to manual.

4.5 Spore / Spurs

Spore mag deur alle ouderdom ruiters en in alle klasse gedra word.

- ✓ Spore mag nie 2cm oorskry nie;
- ✓ stomp metaal spore met punte wat na onder wys;
- ✓ gansnek spore;

Ontoelaatbaar:

- ✗ skerp of geratte spore;
- ✗ spore wat 2cm oorskry;
- ✗ spore met roller;
- ✗ "Cowboy" spoor;
- ✗ Plastiese spore.

The use of spurs are allowed in all classes and all ages.

- ✓ *Spurs may not exceed 20cm in length;*
- ✓ *short metal spurs with a downward curve;*
- ✓ *goose-neck spurs*

Not allowed:

- ✗ *sharply pointed spurs;*
- ✗ *Spurs longer than 2cm;*
- ✗ *roller spurs*
- ✗ *Cowboy spurs.*
- ✗ *Plastic spurs*

- Spore moet korrek pas, d.w.s. net onder en teenaan die enkelknoppe en wel horisontaal.
- Spore mag nie op die hak net bokant die hak van die stewel sit nie maar net onderkant die enkelknop.
- Enige beserings of vars littekens as gevolg van die gebruik of misbruik van spore sal tot eliminasië lei.

- *Spurs must be fitted correctly e.g. just under and close to the ankle bone and horizontal.*
- *Spurs may not sit above the heel of the boot but just under the ankle bone.*
- *Any injuries or fresh marks caused by the use or excessive use of spurs will lead to elimination.*

4.6 Hielbeskermers / Overreaching boots

Standaard **enkel laag** hielbeskermers of oortrap stewels ("Overreaching boots") word net toegelaat in Vyfgang- en in Tuigklasse. Geen veranderings en/of ombouings sal toegelaat word nie. Geen gewigte, van enige aard of sal toegelaat word in of aan hielbeskermers nie. Dubbele hielbeskermers mag nie gedra word nie.

*Standard **single layer** quarter boots or over reaching boots are only allowed in Five gaited- and in Harness classes. No changes and/or conversions will be allowed. No extra weight, of any kind, will be allowed in or on quarter boots. Double layers of overreaching boots are not allowed.*

5. VEREISTES & ETIKET IN DIE SKOU ARENA / REQUIREMENTS & ETIQUETTE IN THE SHOW ARENA

5.1 Terminologie / Terminology

Wees bewus van die terminologie wat in 'n skouring gebruik word vir bevele en instruksies.

Tekens wat baanbeamptes / beoordelaars gebruik om met die aankondiger te kommunikeer, is soos volg:

- **Stap** – een vinger in die lug
- **Draf** – twee vingers in die lug
- **Galop** – drie vingers in die lug

- **Kortgang** – vier vingers in die lug
- **Trippel** – vyf vingers in die lug
- **Rigting verander** – sirkel beweging met een hand voor die lyf maak
- **Inkom en halt** – beide hande in 'n sirkel beweging na die liggaam toe
- **Ontspan** - albei hande reguit na voor en dan na die kante toe swaai
- **Her-rit** - gebalde vuus in die lug

Be aware of the terminology used in a show ring for commands and instructions.

The following hand signals are used by arena official /judge to communicate with the announcer:

- **Walk** – one finger held up
- **Trot** – two fingers held up
- **Gallop** – three fingers held up
- **Slow gait** – four fingers held up
- **Rack** – five fingers held up
- **Change rein** – a circular movement with one hand in front of the body
- **Line up and halt** – use both hands to indicate in circular motion towards the body
- **Relax** - both hands to the front of body, moving outwards to the sides
- **Re-ride** - balled fist held up.

5.2 Skounommer / Show number

Elke deelnemer moet 'n sigbare nommer op die rug dra vir identifikasie en seker maak dat dit wel die korrekte nommer is wat toegeken is aan die perd.

Every competitor must wear a visible number on the back for identification and make certain that it is the correct number allocated to the horse.

5.3 Staande posisie van perd / Standing posture of horse

Perde mag nie gestrek staan nie in enige klas nie.

Horses may not stand stretched (parked) in any showing class.

5.4 Tong / Tongue

Geen tong kontrole of beskerming, van watter aard ook al, sal toegelaat word nie. Die gebruik van tou, draad, lyn of koord of enige iets soortgelyks in die perd se bek is ontoelaatbaar.

No tongue checks or guards of any kind are permitted. The use of string, wire, twine, cord or anything similar in the horse's mouth is prohibited.

5.5 BLOED REËL (Universele klasse uitgesluit*)/ BLOOD RULE (Universal Classes excluded*)

'n Perd met sigbare bloed tydens die verloop van 'n klas, sal na die middel van die arena geroep word en by die baanmeester aanmeld.

- Die bloed mag (in die arena) met 'n handdoek afgevee word om dit te stop.
- Indien die bloeding nie stop nie, word die perd gediskwalifiseer.
- Indien die bloeding stop, mag die ruiter weer by die klas aansluit. Indien bloed weer sigbaar word op dié perd tydens die klas, word die perd gediskwalifiseer.
- Indien dieselfde perd weer bloeding wys nadat die perde aangetree het, word die perd gediskwalifiseer.
- Indien 'n perd die eerste keer bloed wys in die aantree lyn, sal die beoordelaar daarop attent gemaak word, en die perd mag dalk laer plaas. Die perd word nie gediskwalifiseer nie.

*Universele klasse is onderhewig aan SASA reëls.

Any evidence of blood on a horse during a class will result in the exhibitor being asked to pull in and move to the Ringmaster.

- The blood will be wiped with a towel (in the arena), to help stop and clear the blood.

- A horse with blood that cannot be cleared, and remains visible, will be disqualified.
- Once the bleeding has stopped, the exhibitor will re-join the class and the class will continue.
- Bleeding that re-occurs in the remainder of the class on the same horse, will result in the horse being disqualified.
- If blood is seen on the same horse in the final line-up, the exhibitor will be disqualified.
- Should a horse show blood in the line up for the first time, the judge(s) will be notified, but the horse will not be disqualified. It may influence the final placing.

*Universal classes are subject to SASA rules.

5.6 Verlaat van skou arena / Leaving the show arena

Indien 'n perd, sonder toestemming van die beoordelaar, die arena verlaat tydens beoordeling, word die perd outomaties gediskwalifiseer, buiten wanneer so 'n perd se optrede deur omstandighede buite die hanteerder/ruiter se beheer veroorsaak word. Die beoordelaar se besluit is finaal. Deelnemers mag slegs die arena verlaat met die toestemming van die baanmeester.

If a horse leaves the arena, without permission from the Judge, during judging, the horse will automatically be disqualified except where a horse's behaviour is a result of circumstances beyond the control of the handler/rider. The Judge's decision will be final. Competitors may only leave the arena with the permission of the steward.

5.7 Val van ruiter tydens beoordeling / Falling when under judgement

- Indien 'n perd of ruiter afval in enige klas sal dit tot diskwalifikasie lei.
- 'n Perd het geval wanneer die skouer en agterkwart die grond raak.
- 'n Ruiter het geval wanneer hy/sy vrywillig of onvrywillig geskei word van die perd, wat nie geval het nie, maar op so 'n manier dat die ruiter dit nodig vind om die grond te raak en om van enige hulp gebruik te maak om weer op te klim.
- *A fall of a horse and/or rider in any class is a disqualification.*
- *A horse is said to have fallen when its shoulder and hindquarter touches the ground.*
- *A Rider is said to have fallen when, either voluntarily or involuntarily, he/she is separated from the horse, which has not fallen, in such a way that he/she touches the ground and needs any form of support to re-mount.*

5.8 Gevaarlike praktyke / Dangerous practices

- Indien 'n perd, volgens die mening van die beoordelaars, in 'n ongemanierde, weerbarstige en gevaarlike wyse optree of voortgaan met steeksheid, is die baanmeester daarop geregtig om die perd uit die kompetisie (klas) te diskwalifiseer.
- Ruiters mag onder geen omstandighede, op enige wyse met enige deel van die liggaam, aan 'n saal, stiegrieme, stiebeuels of teuels vasgemaak, geheg of weerhou word om ongehinderd en vry in die saal en stiebeuels te beweeg nie.
- Geen vertoner mag 'n mede-vertoner in die arena belemmer, dwarsboom of hinder om sy/haar perd ten beste te vertoon nie.
- *If, in the opinion of the judges, a horse behaves in an unruly or dangerous manner or displays continued disobedience, the steward are entitled to eliminate the horse from the competition (class).*
- *Riders may under no circumstances in any way or by any means, with any part of the body, be attached to the saddle or stirrup leathers or stirrups or reins or be restricted to be able to move unhindered and freely in the saddle or the stirrups except for the lead rein class*
- *No competitor may obstruct or prevent another competitor in the show ring from exhibiting their horse to its maximum potential.*

5.9 Ererondte / Tound of honour

'n Ererondte word gelei deur die klaswenner. Dit is swak sportmansgees om die beoordelaars se plasing bokant jou verby te gaan tydens 'n ere-rondte.

A Round of honour is led by the winning horse. It is unsporting to pass the judge's placing above you during a round of honour.

5.10 Hulpverlening van buite die arena / Assistance from outside the show arena

- Hulpverlening van buite die arena sal alleenlik toegelaat word vir herstellings en nie vir verstellings nie. Indien hulp benodig word, moet die deelnemer na middel van baan beweeg en die aandag van baanmeester trek.
- Indien die hanteerder/ ruiters /koetsier nie die probleem kan herstel nie, mag die baanmeester toestemming gee dat hulp van buite die arena verleen mag word. 'n Maksimum van 'n verdere 3 minute word toegelaat vir herstelwerk, anders word die perd outomaties gediskwalifiseer.
- Indien 'n perd 'n skoen verloor tydens 'n klas, word daar 5 minute toegelaat om dit, onder die toesig van die baanmeester, weer op sit.
- Indien 'n perd tydens 'n skou klas 'n skoen verloor is dit die keuse van die deelnemer om
 1. voort te gaan met die klas, daarsonder OF
 2. te onttrek uit die klas OF
 3. om die skoen terug te sit onder toesig van die baanmeester - 5 minute word daarvoor toegelaat.
- In enige klas wat 'n opgestelde toets vereis, mag perde nie in die opgestelde arenas, enige hindernis of opgestelde toets, of gedeelte daarvan, voor aanvang van die klas, oefen nie. Dit sal tot onmiddellike diskwalifikasie lei.
- *Assistance from outside the arena will only be allowed for reparation and not for adjustments. In case help is needed the competitor must move to the middle of the arena and draw the attention of the steward.*
- *If the handler/rider/driver fails to rectify the problem, the steward may grant permission for assistance from outside the arena. A Maximum of a further 3 minutes will be granted for repairs, otherwise the horse will automatically be disqualified.*
- *If a horse loses a shoe during a showing class, it is the prerogative of the competitor to
 1. proceed with the class without it, OR
 2. to retire from the class, OR
 3. Replace the shoe under the supervision the ringmaster. 5 minutes are allowed.*
- *In any class requiring a set test, no horse may practice in the arena prior to the commencement of the Class in the set course or any obstacle or set test or part thereof. This will lead to immediate disqualification.*

5.11 Plasings / Placings

- Beoordelaars word nie verplig om 'n plasing toe te ken nie.
- Vertoners moet hulle onderwerp aan die aanvaarding van enige plasings deur die beoordelaars gemaak. Vertoners mag onder geen omstandighede met enige beoordelaar of baanmeester in 'n argument betrokke raak gedurende 'n klas nie.
- 'n Ontevrede vertoner mag appelleer teen 'n beslissing of besluit, volgens die Reëls en Regulasies van die Genootskap, binne 1 uur na afloop van 'n klas.
- *Judges are not compelled to award a placing.*
- *Competitors must accept, respect and abide by the judge's decision.*
- *Competitors may under no circumstances become involved in an argument with any judge or steward during a class.*
- *An aggrieved competitor may appeal against any decision of judgement according to the Rules and Regulations of the Society within 1 hour after completion of a class.*

6. SKOUPERSEEL / SHOW PREMISES

6.1 Stallering / Stabling

- Alleenlik stalle wat toegeken word aan spesifieke vertoners mag deur hulle beset word. Stalplanne sal beskikbaar wees by die organiseerder of sal op die muur van die stalle aangebring word.
 - Eienaars en vertoners moet toesien dat hulle perde tydens
 - Beamptes mag ter enige tyd die stalle van buite inspekteer, sonder om dit fisies te betree. Indien daar 'n probleem is, sal die eienaar / verantwoordelike persoon gekontak word. Eienaars en vertoners moet sorg dat perde se op die skougronde onbelemmerd, vry, gemaklik en op 'n natuurlike wyse in hulle stalle sal vertoef.
 - ~ Alle perde moet ten alle tye voer en water in die stalle hê;
 - ~ Geen stal waarin 'n perd gehou word mag gesluit word nie;
 - ~ Stalle waarin toerusting / voer gestoor word, mag gesluit word;
 - ~ Geen besoeker / beampte mag 'n stal betree sonder die eienaar van die perd se toestemming nie;
 - ~ Alle stalle moet die naam & nommer van die eienaar / persoon verantwoordelik vertoon.
- Aangestelde beamptes mag ter enige tyd die stalle van buite inspekteer, sonder om dit fisies te betree. Indien daar 'n probleem is, sal die eienaar / verantwoordelike persoon gekontak word.
- *Only stables which are allocated to specific exhibitors may be occupied by them. Stable plans will be available from the convener or will be posted on the outside walls of the stables.*
 - *Owners and competitors must ensure that horses, during their stay at the Show grounds, must be unfettered, free and comfortable in a natural way while in the stables.*
 - *Officials may inspect any stable at any time without entering. Should there be a problem, the owner / responsible person will be contacted to enter the stable with the official.*
 - ~ *All horses must have food and water in the stables at all times;*
 - ~ *No stables with horses inside may be locked;*
 - ~ *Stables used as tack rooms / storage for food may be locked;*
 - ~ *No visitor / official may enter any stable without the consent of the owner of the horse;*
 - ~ *The name / cell number of the owner / person responsible must be displayed on all stables.*

6.2 Oefening in Arenas / Practising in arenas

- In die Werksperd-, Werkende Jagperd-, Skouspring-, Dresseer of enige klas wat 'n opgestelde toets vereis, mag perde nie in die opgestelde arenas, enige hindernis of opgestelde toets of gedeelte daarvan, voor die aanvang van die klas oefen nie. Dit sal tot onmiddellike diskwalifisering lei.
- Gedrag in die opwarmings-arena moet ten alle tye mede-vertoners in ag neem. Wanneer ruiters mekaar verby gaan, is dit linker skouer, teen linker skouer.
- *In the Working Riding-, Working Hunter-, Show Jumping-, Dressage or any other class requiring a set test, no horse may practice in the arena prior to the commencement of the class, the set course, any obstacle or set test or part thereof. This will lead to immediate disqualification.*
- *Conduct in the warm-up arena must always take cognisance of other competitors. Keep to left shoulder-to-left-shoulder rule.*

6.3 Ongemagtigde praktyke / Unauthorised practises

Hardhandigheid, aggressiwiteit of wreedaardigheid teenoor enige perd op enige plek op die skouterrein, wat mede-vertoners aanstoot mag gee, sal nie toegelaat word nie. So 'n eienaar/vertoner mag gediskwalifiseer word om aan die res van die skou deel te neem.

Heavy-handed, aggressive or cruel behaviour towards a horse anywhere at the show grounds, which may offend co-exhibitors, will not be allowed. Such an owner/exhibitor may be disqualified to compete at the rest of the show.

7. ALGEMENE GEDRAG / GENERAL CODE OF CONDUCT

7.1 Gedrag teenoor beoordelaars & beamptes / Code of Conduct towards judges & stewards

Enige eienaar, ruiter, vertoner, hanteerder, afrigter of ouer/voog van 'n minderjarige, wat gedurende of na afloop van 'n klas, sonder om eers appèl aan te teken deur die regte kanale, probeer om met die beoordeling in te meng of probeer om beoordelaars te beïnvloed of veragtelike en/of neerhalende taal en wyse op die terrein teenoor enige van die beoordelaars, komitee lede of aangestelde amptenare van hetsy die Genootskap of die skou gebruik as gevolg van enige toekenning deur beoordelaars gemaak, sal sy reg op enige toekennings waarop hy/sy andersins geregtig sou wees, verbeur en kan verdere deelname aan die skou geweier word. Skorsing van deelname by toekomstige SA Boerperd Skoue is nie uitgesluit nie en sal volgens die aanbeveling van die komitee na die Raad verwys word.

Any owner, rider, competitor, handler, trainer or parent/guardian of a minor, who during or after a class, without appealing through the correct channels, attempt to interfere or influence the judges, uses foul and/or derogatory language and behaviour on the grounds towards, judges, committee members or appointed officials of either the Society or the show with regard to any awards made by the judge may forfeit any awards due to him/her and might not be allowed to participate in any further classes at the show. Banning from competing at any future SA Boerperd show is not excluded and will be referred to the Board by the Committee.

7.2 Gevaarlike praktyke / Dangerous practices

Indien enige aangestelde skou beamptes vermoed dat enige hanteerder of ruiter (vertoner), 'n gevaar, belemmering of vernedering, binne of buite die arena, gaan inhou vir hom/haarself en/of mede-vertoners en/of beoordelaars en/of amptenare en perde as gevolg van vermoedelike alkohol- of dwelm misbruik of enige swak en onaanvaarbare gedrag of dat hy/sy die Genootskap in oneer gaan bring, mag so 'n vertoner die arena geweier word.

Indien enige deelnemer in gevaar voel of in verleentheid gestel word deur gedrag van 'n mede-vertoners, soos bo genoem, mag dit skriftelik aangemeld word by die Komitee om aksie te neem binne 1 uur na die gebeurde. Verdere deelname aan die skou mag geweier word. 'n Verslag sal aan die Raad gestuur word vir verdere ondersoek, wat wel mag lei tot verdere dissiplinêre stappe.

If any appointed officials have a suspicion that any handler or rider (competitor), constitutes any danger, interference or humiliation, inside or outside the arena, to himself/herself and/or fellow competitors and/or judges and/or officials and horses as a result of suspected alcohol- or drug abuse or any bad and unacceptable behaviour or that he/she will bring the Society into disrepute, such competitor may be refused entry into the arena.

If any competitor feels compromised by the above mentioned behaviour of a fellow competitor he may report it in writing to the Committee to take action within 1 hour of the incident.

Any further participation at the show may be denied. A report will be send to the Board for investigation in which may lead to further disciplinary action.

7.3 Stiptheid / Punctuality

7.3.1 Alle klasse word gery volgens die indeling van 'n tydrooster. In Dresseer, sal die veranderinge aan die tydrooster en volgorde van deelnemers alleenlik geskied met die goedkeuring van die skou-komitee en dresseerbeamptes in uitsonderlike gevalle toegestaan word.

All classes will be ridden according to the time table. Dressage time tables and sequence of riders can only be changed with the consent of the show committee and dressage officials and will only be granted under exceptional circumstances.

7.3.2 Deelnemers moet sorg dat hulle minstens 5 minute voor die aanvang van 'n klas aanmeld in die Versamelring en mag nie die area verlaat sonder toestemming van die versamelring meester nie. Laatkommers mag die klas geweier word.

Competitors must ensure that they announce themselves at the Collection ring at least 5 minutes before a class and may not leave the area without the consent of the Collection Ring master. Late arrivals may be refused to enter the specific class.

7.4 Trofees / Trophies

Enige deelnemer wat 'n wissel trofee of beker ontvang as deel van 'n prys toekenning by enige SA Boerperd skou sal verantwoordelik gehou word om sodanige trofee ten minste twee (2) maande voor die volgende skou terug te besorg by die toepaslike persoon in dieselfde goeie toestand soos ontvang of verantwoordelikheid te aanvaar vir die koste van die herstel van sodanige item. 'n Boete sal gehef word indien die trofee nie betyds terugbesorg word nie.

Competitors receiving a floating trophy or cup as part of a price award at any SA Boerperd show will be held responsible to send back such trophies at least (2) months before the start of the next year's show, to the responsible person and in the same good condition as received or take responsibility for restoration or paying the cost of the restoration. A penalty will be payable should trophies not be returned in time.